



Privaatskool Elnatan

Die toekoms van die wêreld is vandag in ons klaskamer.

GEDRAGSKODE VIR LEERLINGE

Hiermee verklaar ek _____ die volgende:

1. Ek beseft dat dit 'n voorreg is om by die Privaatskool Elnatan my skoolloopbaan voort te sit. Daarom belowe ek om:
 - my beste te lewer vir die skool
 - hoë prioriteit aan my skoolwerk te gee
 - die skoolreëls ten alle tye te gehoorsaam
2. Ek beroep my op respek en verdraagsaamheid van my onderwysers. Daarom beloof ek my beste vir onderwysers te gee deur:
 - stiptelik te wees vir my klasse en buitemuurse aktiwiteite
 - opdragte i.v.m. die akademie getrou en tot die beste van my vermoë uit te voer
 - ten alle tye respek te betoon aan meerderes en onderwysers
 - die gesag bo my aangestel te respekteer.
3. Privaatskool Elnatan het 'n grootse naam en geskiedenis. Daarom onderneem ek:
 - om ongeag waar ek is so op te tree dat die skool se goeie naam nie skade ly nie
 - om die beeld van die skool uit te dra en te bevorder
 - om eiendom van die skool en ander instansies te respekteer en op te pas
 - om 'n voorbeeld te stel met my optrede en taalgebruik binne en buite die skoolgronde
 - om skoolaktiwiteite by te woon ten volle geklee in my skooldrag soos in die skoolreëls voorgeskryf
 - om aanvaarbare kleredrag en voorkoms te handhaaf op die skoolgronde en op skooluitstappies en -toere.
4. Ek is 'n individu in eie reg. Daarom gaan ek:
 - my weerhou van enige negatiewe gedrag, skinder en kwaadpraat van onderwysers, ouers en mede-skoliere

- my maats ondersteun en saam bou aan die Elnatan beeld
 - bedagsaamheid teenoor my minderes toon
 - streef om eerlikheid, vriendelikheid en stiptelikheid uit te leef
 - beginsels waarop die skool gevestig is te alle tye uit te leef en 'n voorbeeld te wees vir mede-skoliere.
5. Ek beseft dat dissipline nie daar is om my te beperk nie, wel 'n veilige ruimte skep waarin ek as individu in totaliteit kan ontwikkel. Daarom onderneem ek om:
- die skoolreëls te bestudeer, te respekteer en tot die beste van my vermoë na te kom
 - my te onderwerp aan die dissiplinêre kode wanneer nodig
 - in alle opsigte 'n onberispelike voorbeeld te stel
6. Privaatskool Elnatan gee 'n ereplek aan God en Sy Woord. As 'n leerling van hierdie skool bely ek 'n Christelike lewe en strewende soos in die Woord weerspieël. Ek glo om die Here te dien is wysheid. Ek onderneem om niks te doen wat hierdie grondslag van die skool sal weerspreek of skade berokken deur my optrede binne en buite die skool nie.

Geteken: _____

Datum: _____